


# BOERE DROOGTEHULP SA HOU MUSIEKFEES

**Rustenburg** – Boere Droogtehulp SA bied op Vrydag 12 April om 18:00 'n musiekfees van formaat by Excalibur Boutique Hotel aan. Feesgangers kan uitsien na kunstenaars soos Neil Somers, Duane Louw, Mari Minnaar en Marlee Helberg. Die fondse wat ingesamel word, sal aangewend word tot die Boere Droogtehulp SA fonds wat Suid-Afrikaanse boere wat deur die droogte geraak word, help.

Kaartjies beloop R150 per persoon en halfprys vir kinders onder 18. Daar sal 'n kontantkroeg beskikbaar wees.

Vir meer inligting skakel Chris van Beljon op 082 961 6620 of JJ du Preez op 082 567 0363.




# Sering vier Maart verjaarsdae

**Rustenburg** – Residentia Sering het op Vrydag 29 Maart hul maandelikse verjaarsdae ontbyt gevier. Dit was 'n oggend gevul met lekker lag en heerlike kos van Sering se eie Deli.

Baie geluk aan die volgende inwoners en personeel wat in Maart hul verjaarsdae gevier het:

- Mienkie van der Merwe – 1 Maart
- Bettie Vos – 1 Maart
- Jan Kotze – 2 Maart
- Thys Herbst – 7 Maart
- Abueng Bashue – 7 Maart
- Maria Mookketsi – 8 Maart
- Lorraine Molefe – 8 Maart
- Ita Herbst – 13 Maart
- Daniela Grobler – 20 Maart
- Cindy van Heerden – 21 Maart
- Cathrina Maphuto – 24 Maart
- Baba Serio – 25 Maart
- Elize Kleingeld – 25 Maart
- Wouter Fourie – 26 Maart
- Bets Korb – 26 Maart
- Mariana Winter – 28 Maart
- Andre van Tonder – 28 Maart
- Miemie Steenekamp – 28 Maart
- William Kgaswane – 30 Maart

Bestuurder van Residentia Sering het die volgende verjaarsdag boodskap vir die inwoners gehad: "Liefde van Jesus verander nooit nie. Daarom kan jy die jaar ingaan met die sekerheid dat Sy goedheid en guns met jou sal wees in hierdie jaar."


Inwoners kuier lekker rondom die ontbyttafel.

# ERNIEAMOS BYAGAPÉGEMEENTE


Ds. Dawie van Schoor van die Agapé gemeente (regs op foto) in onderhoud met Ernie.

**Rustenburg** – Ernie Amos, bekende evangelis, musikant en bedieningsleier van 'n gemeente in Potchefstroom het die Agapé Gemeente, Rustenburg, Sondagaand 7 April begelei met lofprysing en in onderhoudstyl, getuig oor sy insigte, asook sy lewe as seun van die berugte bankrower, André Stander.

# SERING HOU 'N KAAS ENWYNPROESESSIE!


Inwoners het 'n verskeidenheid happies gehad waarvan hul kon kies en keur.



Van links: Hester Nicholson en Baba Serio.

**Rustenburg** – Residentia Sering het op Woensdag 3 April 'n elegante kaas en wyn geleentheid gehou.

Sering voedseldiensbestuurder Rodney MacDonald, het uit sy pad uitgegaan om seker te maak dat die 'n baie stylvolle geleentheid was waar inwoners kon proe aan 'n verskeidenheid wyne en peusel aan gesogte kase. Inwoners het die spoggeleentheid terdeë geniet en 'n glasie geklink op goeie wyn, heerlike kaas en lekker saam kuier.


Inwoners het gesmul aan die lekker happies.

Ladybird Flower Market
NOW OPEN
Ladybird Flower Market
Flower arrangement, gift baskets and the likes…
We hope to see you at Wall Street Mall
(next to choppies) Waterval East Rustenburg
Mpho: 082 536 5363

Rawtlape

RAWTLAPE FUNERAL SERVICES AND TOMBSTONES
- Burial grocery policy with option of cash back.
- Funeral policy with option of cash back.
- Tombstone cash sales and lay-by of 12 or 24 months to pay.
- Tombstone policies including care maintenance plan.

Palm Square, Shop No. 9, 149 Kruger Street,
Rustenburg 0299 | 060 411 8006 | 078 280 7712 | Email: rawtlape@gmail.com

SEQURE for life
Retractable Security Barriers
Let the Panther lead the way!
FANIE BOTHA
083 321 1507
sequrenw@gmail.com
www.sequre.co.za

Chaotik Ink Tattoos

GET INKED!
073 134 3206
014 592 8949
ChaotikinkTattoo
Chaotik_Ink_Studio